| | |
|---|---|
| Rapporteerbaar: | Ja / **Nee** |
| Sirkuleer onder Regters: | **Ja** / Nee |
| Sirkuleer onder Landdroste: | Ja / **Nee** |
| Sirkuleer onder Streeklanddroste: | Ja / **Nee** |

**IN DIE Hoë HOF VAN SUID-AFRIKA**
**(Noord-Kaapse Hoë Hof, Kimberley)**

Hoë Hofsaaknr: **46/2013**
Streekhof Saaknr: **RC06/2013**
Datum gelewer: **09/03/2015**

In die saak tussen:

**OKKIE ARRIES** Beskuldigde

en

**DIE STAAT**

Coram: Olivier R *et* Williams R

## HERSIENINGSUITSPRAAK

**Olivier R:**

[1]. Nadat die beskuldigde in hierdie aangeleentheid skuldig gepleit het aan 'n oortreding van die bepalings van Artikel 3 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)[1], is hy op 17 September 2013 ingevolge Artikel 76(6) van die Child Justice Act[2] gevonnis tot verpligte inskakeling by 'n jeugsorgsentrum vir 'n periode van 5 (vyf) jaar of tot hy die

[1] 32 van 2007
[2] 75 van 2008

ouderdom van 21 (een-en-twintig) jaar bereik het, welke ookal eerste sou aanbreek[3].

[2]. Daardie skuldigbevinding en vonnis is op hersiening tersyde gestel en die aangeleentheid is na die Streeklanddros terugverwys ingevolge die bepalings van Artikel 312(1) van die Strafproseswet[4]. Nadat 'n pleit van onskuldig toe ingevolge Artikel 113 van die Strafproseswet genotuleer is en bepaalde erkennings toe gemaak is, is die beskuldigde weer skuldig bevind.

[3]. Op versoek van beide die aanklaer en die regsverteenwoordiger van die beskuldigde, en nadat die beskuldigde getuig het oor sy positiewe ervaring van die inskakeling by die betrokke jeugsorgsentrum, is hy presies dieselfde vonnis opgelê.

[4]. Die vonnis is egter toe deur die Streeklanddros terugdateer na die datum van die aanvanklike skuldigbevinding, naamlik 9 Julie 2013.

[5]. Die aangeleentheid dien nou weer op outomatiese hersiening. Ek is van oordeel dat die skuldigbevinding nou in orde is.

[6]. Op my navraag rakende die bevoegdheid van die Streeklanddros om die vonnis terug te dateer en die datum waarheen dit terugdateer is, het die Streeklanddros haar beroep daarop dat die bepalings van Artikel 77(5) van die Child Justice Act bepaal dat 'n Hof "*must take into account the number of days that the child has spent in prison or*

---

[3] 62 van 1955
[4] 51 van 1977

*in a child and youth care centre prior to the sentence being imposed*". Die Streeklanddros was van oordeel dat, nieteenstaande die beslissing van hierdie Hof in **S v Seekoei** [5], sy in die lig van die voormelde bepalings van Artikel 77(5) van die Child Justice Act bevoeg was om die vonnis terug te dateer. Sy het haar ook in die algemeen beroep op die menings van sekere skrywers dat 'n verhoorhof in die algemeen so 'n bevoegdheid het of behoort te hê[6].

[7]. Vir soverre die Streeklanddros van oordeel mag gewees het dat 'n statutêre verpligting om die tyd wat 'n kind reeds in aanhouding deurgebring het in aanmerking te neem[7] by die oplegging van vonnis, 'n bevoegdheid sou skep om die vonnis terug te dateer, sou dit na my oordeel verkeerd wees.

[8]. Daar rus in elk geval op enige Hof 'n verpligting, ook waar 'n volwassene gevonnis moet word, om hierdie faktor in aanmerking te neem by die oorweging van vonnis[8].

[9]. Die voorganger van Artikel 77(5) het egter inderdaad 'n verpligting geskep om onder sekere omstandighede 'n vonnis terug te dateer voordat dit ingevolge Artikel 4 van die Judicial Matters Amendment Act[9] vervang is met die huidige bepalings. Dit het soos volg gelees:

---

[5] [1997] 1 All SA 40 (NC)
[6] Vergelyk egter ook **S v Motaung** [2008] JOL 21114 (O)
[7] "*take into account*"
[8] Vergelyk **Director of Public Prosecutions v Mngoma** 2010 (1) SACR 427 (SCA) para [16]
[9] 14 van 2014

> "*A child justice court imposing a sentence of imprisonment must antedate the term of imprisonment by the number of days that the child has spent in prison or child and youth care centre prior to the sentence being imposed*"

[10]. Die vervangende bepalings het op 19 Mei 2014 in werking getree. Die nuwe vonnis is al op 14 April 2014 opgelê en gevolglik sou die Streeklanddros uit hoofde van die vorige bepalings van Artikel 77(5) – maar nie uit hoofde van die bepalings waarop sy haar beroep en wat toe nog nie bestaan het nie – verplig gewees het om die vonnis terug te dateer met die tyd wat die beskuldigde reeds in die jeugsorgsentrum deurgebring het sedert sy aanvanklike vonnis.

[11]. Die Streeklanddros gee toe dat sy in elk geval nie korrek sou gewees het om die vonnis terug te dateer tot die datum van die aanvanklike skuldigbevinding nie, omdat die beskuldigde nie van daardie datum af aangehou is nie.

[12]. Mnr Barnard, die advokaat van die kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolging wat my voorsien het van 'n regsmening hierin, word bedank vir sy waardevolle insette en die volgende bevele word dan hierin gemaak:

1. **Die skuldigbevinding word bekragtig.**

2. **Die vonnis word bekragtig, maar die bevel wat dit terugdateer tot 9 Julie 2013 word tersyde gestel en vervang met 'n bevel dat die vonnis terugdateer word tot 17 September 2013.**

______________________

**C J OLIVIER**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

**Ek stem saam.**

_______________________

**C C WILLIAMS**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**